

J.S. DU PLESSIS (1919–1990): POTCHEFSTROOMSE HISTORIKUS

F.A. van Jaarsveld

In Mei 1990 is Jacobus Stephanus du Plessis in die ouderdom van nagenoeg een en sewentig jaar oorlede. Hy is op 25 Julie 1919 in Potchefstroom gebore, matrikuleer in 1935 aan die Hoërskool Gimnasium aldaar en verwerf in 1938 die graad B.A. en in 1939 die Hoër Onderwysersdiploma. Hy begin in 1940 sy onderwysloopbaan aan die Hoërskool Gimnasium en gee daarna aan die Junior Hoërskool Fakkell in Johannesburg onderrig. In 1945 verwerf hy, onder leiding van prof. A.J.H. van der Walt, die graad M.A. in Geskiedenis (met lof) oor die onderwerp *Gustav Preller as historikus van die Groot Trek*. Dit geskied dus twee jaar na die dood van Preller, wat in daardie stadium in akademiese kringe besonder hoog aangeslaan is. In dieselfde jaar neem hy in die plek van prof. Van der Walt, 'n oud-leerling van Meinecke, as dosent waar en word in 1947 as senior lektor in Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. aangestel. In 1953 doktoreer hy met lof onder leiding van prof. D.W. Krüger oor die onderwerp *Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van Staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek*, wat in 1955 in die *Argiefjaarboek I* gepubliseer word. Die feit dat hy oor 'n B.A.(Hons.)-graad in Staatsleer (1948) beskik het, het sy hantering van die konstitusionele en administratiewe tema vergemaklik.

In 1963 is hy tot professor bevorder en in 1967 volg hy prof. D.W. Krüger as hoof van die Departement Geskiedenis aan sy Alma Mater op. Van April tot September 1969 studeer hy aan die Londense "School of Oriental and African Studies" met die oog op die bemeestering van metodes vir Afrikastudie in die voorkoloniale tydperk. Hy besoek ook Parys, waar hy Henri Brunschwig ontmoet. Sy loopbaan as navorsers en historikus kom tot 'n einde toe hy in 1972 dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. word, 'n posisie wat hy tot 1977 beklee, toe hy die eerste vise-rector van sy Alma Mater geword het. Aan die einde van 1984 het hy afgetree, kort daarna 'n hartomleidingsoperasie ondergaan, waarop 'n beroerte-aanval gevolg het. Na 'n swaar fisieke lyding is hy in Pretoria oorlede. Hy is in 1945 met Susanna Cornelia Labuschagne getroud. Uit hulle huwelik is 'n dogter gebore.

Prof. Du Plessis was 'n lid van die Argiefkommissie en ook voorsitter daarvan nadat prof. A.N. Pelzer in 1981 oorlede is. Hy was lid van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, lid van die Advieskomitee van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die R.G.N., asook lid van die hoofbestuur van sowel die Historiese Genootskap van Suid-Afrika as die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging. Van laasgenoemde vereniging het hy in 1974–1975 as voorsitter opgetree. Van 1954 tot 1966 was hy bevelvoerder van die Regiment Mooirivier van die Suid-Afrikaanse Pantserkorps en verbonde aan die Hoofkwartier van die Kommandement Wes-Transvaal. In 1980 is hy tot brigadier bevorder. Op grond van sy militêre diens is die Suiderkruismedalje en die Hoof van die Weermag se Aanprysingsmedalje aan hom toegeken. Hy is ook met die John Chard-dekorasie vereer.

Prof. Du Plessis het sy navorsing gedoen in 'n tyd toe die belangstelling in die 19de eeuse Boeregeskiedenis groot was; veral gedurende en ná die Tweede Wêreldoorlog, toe daar sterk na die republiekwording van die Unie gestreef is en, as gevolg van verstedeliking, met nostalgiese na die Ou Transvaal teruggekyk is. Sy doktorale proefskrif is 'n standaardwerk oor die amp van die staatspresident (wat na 1961 weer 'n rol in ons geskiedenis begin speel het) en sy werk oor Preller het 'n belangrike naslaanwerk vir studente geword. Die kern van sy bevindinge oor Preller se geskiedbeskouing is in *Historia I* (Oktober 1956) gepubliseer, asook 'n oor-

sig oor Preller se lewe in die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I* (1968), waarin ook artikels uit sy pen oor genls. P.J. Joubert en J.H. de la Rey verskyn het. Sy belangstelling in Paul Kruger blyk uit *Woord en Daad* 1(10), Oktober 1954, *Die Kerkblad* 60 (1460), 20-08-1958 en 'n bronnepublikasie, *President Kruger aan die woord* (Bloemfontein, 1952). Du Plessis se intreedrede, "Oor historiese waarheid", wat 'n goeie weergawe van die kennisteoretiese beginsels van die geskiedwetenskap is, vind ons in *Koers* 31(10), April 1964, 'n tydskrif waarin hy oor talle historiese temas geskryf het. In Maart 1962 het hy die Vrede van Vereeniging in *Historia* (7) herdenk en in 1963 'n kroniek oor die Suid-Afrikaanse historiografie van 1961 in *Bijdragen voor de Geschiedenis der Nederlanden* 17 (1963) gelewer. Sy voorsittersrede voor die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging het in dié vereniging se *Historiese Joernaal* van 1975 (nr. 7) verskyn, nl. "In die rigting van 'n geskiedenis van die S.A. geskiedskrywing", waarin gepleit word vir 'n universitêre studie en navorsing oor ons historiografie. Hy het ook belangstelling vir geskiedenis as skoolvak gehad, soos uit sy bydrae in *Historia* (nr. 11, Maart 1966) blyk. Sy ander tydskrifartikels handel oor Jan van Riebeeck, die Eerste Vryheidsoorlog, die Vryburgers, die Afrikaner in die weermag, die republikeinse verlede, die Sentraal-Afrikaanse Federasie, bronne vir voorkoloniale geskiedenis (*S.A. Argiefblad* 12(1970)) en die Nuwe Statebond (*Koers* 16(6), Junie 1949).

Ander publikasies van prof. Du Plessis is: "Die Suid-Afrikaanse Republiek" in C.J.F. Muller (red.) se *Vyfhonderd jaar S.A. geskiedenis* (Pretoria 1968); *Die Suid-Afrikaanse tuislande* (P.U. vir C.H.O.: Wetenskaplike Bydraes, reeks A, nr. 6, 1971); 'n Oorsig oor die politieke geskiedenis van Noord-Afrika (P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1968); *Die suidelike halfond in die wêreld-politiek* (P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1973); *In U lig: 'n Geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, 1921-1951* (P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1961), wat in 1975 herdruk is as *Geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege, 1919-1951; Voorgeskiedenis van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, 1935-1950* (P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1977).

Prof. Du Plessis was 'n gelowige mens en oortuigde Calvinis wat geglo het dat die Hoër Hand 'n aandeel in die geskiedenis het, dat God regeer, dat daar soewereiniteit in eie kring bestaan en dat die historikus na die waarheid, al is dié onbereikbaar, moet bly strewe. Dit is sy plig en roeping: daar mag nie verdraaiing wees van dit wat God in die geskiedenis tot openbaring gebring het nie. Sy geskiedbeskouing is in die Calvinistiese siening van die werklikheid en waarheid veranker.

My pad het in die jare 1945-1947 in die Transvaalse Argiefbewaarplek in die Uniegebou, Pretoria, met dié van J.S. du Plessis gekruis toe hy aan sy staatspresidentstema en ek aan die veldkornetstema vir my M.A.-graad, en die nouere verenigingsstewe van die twee Boere-republieke vir die D.Phil.-proefskrif gewerk het. Ek onthou Fanus du Plessis as 'n nederige, beskeie en openhartige mens. Sy oud-studente sal hom as 'n rustige en inspirerende dosent en bekwame en toeganklike administratiewe beamppte in herinnering bring. Hy het ook sy deel tot die opbou van *Historia* en die Historiese Genootskap van Suid-Afrika bygedra.